Tempo: Kollig op Laurika Rauch

Deur Haidee Muller
4 Mei 2006

DIE treffer *Kinders van die Wind* is die eerste liedjie waaraan die naam Laurika Rauch jou laat dink.

‘‘Dit was beslis ’n deurbraak,’’ sê sy nou.

‘‘ ’n Mens kan ’n loopbaan begin met een treffer. Die instelling van TV in die sewentigs het ook ’n groot rol gespeel en miskien het die feit dat ek op vyf al begin musieklesse neem en in ’n koor gesing het darem ook ’n rol gespeel!’’

Nou het sy ’n nuwe CD gemaak met al die liedjies wat haar man, Chris Torr, oor die jare heen geskryf het: *Stuur Groete aan Mannetjies Roux, My Ou Tante Koba, Stille Waters* en baie ander.

Vertel ons meer oor jou nuutste CD

Chris se Trefferliedjies is net voor Kersfees verlede jaar bekendgestel. Dis vorige opnames van negentien liedjies wat Chris die afgelope twee dekades ge-skryf het, en twee nuwes wat spesiaal vir die CD opgeneem is. Daar is aan al die liedjies gewerk sodat die klankgehalte dieselfde sal wees.

Ek het gedink dit sal lekker wees vir mense om Chris se werk as ’n geheel te hoor, sodat hulle die volle impak daarvan kan geniet. Hy is nou heeltyds liedjieskrywer, maar vroeër het hy nie die tyd gehad om meer as hoogstens drie liedjies vir ’n nuwe album te skryf nie.

Wat gebeur deesdae in jou lewe?

Ek werk aan my eerste DVD. Dit is ’n konsert met al my treffers, saam met ’n orkes, wat van 25 tot 27 Mei in die Unisa-kleinteater opgevoer en verfilm sal word. Ek werk ook saam met my pianis, Clinton Waring, aan ’n konsert waarin ek van 9 tot 13 Mei in die Centurion-teater optree. Dit sal bestaan uit nuwe liedjies wat op my volgende CD te hore sal wees.

Wat is die reaksie op jou CD?

Mense is verstom om Chris se bydrae so as ’n geheel te hoor. Hulle het beslis groot waardering daarvoor.

Wat is jou groot droom?

Ek wil saam met die ligkunstenaar James Turrel werk.

En wat musiek betref?

Om in ’n hoedanigheid anders as sanger saam met kunstenaars met die talent en besonderse temperament van iemand soos Illse Roos aan ’n produksie te kan werk.

Wat inspireer jou om musiek en lirieke te skryf?

Ek skryf nie my eie liedjies nie en het in die tagtigs laas iets getoonset.

En hoeveel albums is daar nou?

Negentien sedert 1979.

Is dit jou droom wat jy uitleef?

Om ’n sanger te wees was een van my drome, maar ek het ander drome ook.

As jy nie gesing het nie, wat sou jy doen vir ’n bestaan?

Ek sou beslis iets in die teater gedoen het, maar miskien aan die tegniese kant – agter die skerms.

Wat is die boodskap van jou musiek?

Ek het nooit aan ’n boodskap gedink toe ek begin sing het nie, maar ek weet ek probeer om te vermaak terwyl ek ’n spieël probeer ophou vir die luisteraar, om vir mense te wys hoe lieflik elkeen van ons en hoe merkwaardig die lewe is. Ek dink ook ek probeer ’n atmosfeer skep waarin die luisteraar of gehoor moet kan voel dat enigiets moontlik kan wees.

Wat beteken Afrikaanse musiek vir jou?

Dis deel van my persoonlike ekosisteem.

En hoe het Afrikaanse musiek verander?

Daar is baie ruimte vir indivi-dualiteit en die kunstenaars vind hul eie stem vroeg in hul loopbaan, met die hulp van geweldig ondersteunende gehore.

Wat hou jou kop skoon?

Stilte, ’n tuin in die vroegoggend en laatmiddag, Chris se humor en insig, mense wat praat oor idees, gesprekke met ons kinders en my onwrikbare geloof in die werkinge van die Heilige Gees.

Wat laat die bloed deur jou are bruis?

Om tyd saam met Chris en ons gesin deur te bring en saam met besielde, passievolle mense te werk of te wees.

Na watter musiek luister jy tuis?

Ek is obsessief as ek ’n nuwe CD of kunstenaar ontdek. Ek sal gaan slaap met die musiek en opstaan daarmee. Ek luister graag saam met my kinders, Simon (24) en Nina (19), na hul musiek.